

ROMANTIESE ROSE

Borduur hierdie pragtige prent van die Rosa Pendulina (roos sonder dorings) en jy het 'n pragstuk om vir altyd te bewaar!

BENODIGDHEDE

50 x 60 cm wit Hardangerstof met 22 drade per 2,5 cm

1 string katoenstringgare in elk van die volgende kleure:

diepgoud
vaalgoud
baie ligte pienk
ligpienk
kersiepienk
siklaampienk
baie ligte wilgergroen
donker-wilgergroen
geelgroen
donker-grasgroen
donker-woudgroen
donker-roesbruin
donkerbruin
wit

1 pakkie stomppunt-tapisserienaalde (grootte 24)
teenstellende naaldwerk-gare
dik gare

tapisserieraam (indien verlang)
swaar monteerkarton vir 'n raam van 55 x 45 cm

AANWYSINGS:

Knip die Hardangerstof al langs die drade tot die regte grootte. Stik die rande.

Merk die middelpunt van die stof deur 'n draad oor die lengte en een oor die breedte te ryg.

Die prent kan sonder 'n tapisserieraam geborduur word, maar sorg dat die steke oral ewe styf is.

Gebruik deurentyd drie drade van die stringkatoengare en werk 'n kruissteek oor twee drade van die Hardangerstof. Sorg dat die boonste steke van die kruissteek almal in dieselfde rigting lê. Elke vierkant is gelyk aan een kruissteek.

Begin in die middel en werk na buite.

Hou die agterkant van die werk so netjies as moontlik. Werk los drade weg en knip puntjies af.

Trek al die rygdrade los wanneer die prent voltooi is. Indien die borduurwerk sonder 'n tapisserieraam gedoen is, moet dit gestryk word. Gebruik 'n paar lae kleurvaste materiaal om 'n kussinkie te vorm. Afdroogdoeke is geskik. Lê nou die borduurwerk met die regte kant op die kussinkie en stryk met 'n stoomstrykyster of pars oor 'n klam lap. Die borduurwerk word op 'n kussinkie gestryk sodat dit uitstaan.

Monteer borduurwerk voordat dit geram word. Plaas die werk se regte kant op 'n plat oppervlak. Sentreer die karton op die werk.

Vou die materiaal om die rande van die karton en speld aan die karton vas. Die hoeke moet verstek word.

Ryg borduurwerk aan die kante van die karton vas met 'n tapisserienaald en dik gare.

Raam die prent. ●




DIAGRAM VIR
ROMANTIESE ROSE
Sleutel tot diagram

